

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 125 24 November 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### In enige naam

Stadig kom die Mummie nader. Sy slagoffer hakkel, stamel en stotter. Fliekfundi sal die toneel uit “*The Mummy*” onthou. Onse eie Arnold Vosloo speel nogal die titelrol. Die toneel waarna verwys word, speel dan so af: Soos die mummie nader kom, haal die slagoffer ‘n halssnoer uit. Op die halssnoer is daar ‘n versameling amulette<sup>1</sup>. Een vir een wys die bewende man die amulette vir die mummie, telkens gebruik hy die towerspreuk of die taal wat met die betrokke talisman verband hou. Eindelik hou hy die ster van Dawid op en praat Hebreeus. Die mummie se benadering verander en hy stel dat die man die taal van die slawe praat. Duidelik is dit ‘n verwysing na die tydperk voor die uittoeg uit Egipte. Wat verstommend is, is die benadering van die bevreesde slagoffer. Hy het net een geloof en dit is in oorlewing. In die proses sal hy alle gelowe gebruik net om te kan oorleef.

Nou staan hierdie komende naweek onder die teken van gebed. Verskeie kerke het onder leiding van die NGK Moderatuur

besluit om saam te bid vir ‘n einde aan die geweld, misdaad en moorde wat ons moet verduur in die huidige RSA. Vir goeie maat, is dinge soos droogte en klimaatverandering bygevoeg om dit darem nie te laat lyk na gebed bloot op grond van plaasmoorde nie. Die NHKA berig in sy Blitspos oor die saak. In ‘n versigtig geformuleerde redaksioneel word lidmate aangemoedig om tog deel te neem aan hierdie inisiatief. Met mooi formulering word lidmate ingetrek by die pruilende gebruik van amulette om die god te oortuig

Die spel met woorde maak dit moeilik om die volle waarheid raak te lees. Sekere sake word genoem, ander aanbeveel en ander verswyg. So byvoorbeeld word gestel dat die NHKA uitgenooi is na ‘n gesprek onder voorsitterskap van die *Motsepe Foundation*. Die gesprek sou gaan oor probleme en uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar. ‘n Wye spektrum van Suid-Afrikaanse kerke en geloofsgemeenskappe vorm deel van hierdie gesprek. Die gespreksgenote het besluit om vanaf 24-26 November ‘n nasionale gebedsgeleentheid daar te stel. Wat nie gestel word nie, is dat die NHKA aan

<sup>1</sup> WAT: amulet s.nw. Voorwerp, veronderstel om heilsame mag te besit, by of aan ‘n mens gedra om bose invloede van ander magte of geeste af te wend en die goeie aan te trek; afweermiddel teen siektes,

ongelukke, betowering, ens.: Die Midianiete en ook die Israelitiese vroue het maantjies as amulette gedra (vgl. Rigters 8:21, Jesaja 3:18).

die gesprek deelgeneem het, dat die NHKA saamgestem het en ingestem het tot hierdie aksie. Op RSG het hulle selfs beweer hulle sal deelneem aan die groot liturgiese geleentheid wat op FNB-stadion gehou sal word op 26 November 2017.

Vrydag sal die Moslems vanuit Kaapstad en ander plekke bid, Saterdag sal die Jode vanuit die oudste sinagoge in die RSA dieselfde doen. Christelike kerke en ander word uitgenooi om Sondag saam te bid, tuis of in die FNB-stadion. Dit is 'n ketting-gebedsgeleentheid waarin almal saam hulle voor god verootmoedig, elk vanuit sy eie perspektief, op sy eie manier en dalk selfs in sy eie taal. Dit is nie korrek om te stel dat die Kommissie van die AKV net kennis geneem het van die versoeke nie. Hulle was deel van die gesprek. Hulle het met ander woorde die uitnodiging aanvaar en deelgeneem aan die gesprek wat verskeie geloofsgemeenskappe insluit (Islam, Hindoeïsme is net twee van die geloofsgemeenskappe). Hulle wil „gemeentes “bewus maak” van die inisiatiewe. Hulle wil gemeentes die geleentheid gee om daarby aan te sluit of om eie geleentheid te reël. Met die handhawing van 54/69 het die leuen koning geword (en die koning is kaal ...).

Die “ekumeniese” inisiatief moet verwerp word. Christene moet nie deur die Post-moderne gees van die wêreld verlei word om te dink dat daar meer as een paadjie teen die berg op is nie. Die Post-moderne gees is 'n leuengees, 'n dwaalgees wat die geloofsekerheid van Christene wil laat wankel. Daar is net een Weg, net een Waarheid.

Ons moet telkens, aanhoudend tot God bid. Bid om genade, bid om uitkoms, bid vir krag. Enige deelname aan die gebedsketting wat die ekumene wil vestig, word verwerp. Ons

sal aanhou bid, maar ons sal nie saam met ander geloofsgemeenskappe bid nie. Ons sal vir hulle ook bid, dat hulle God sal ontmoet en tot ware geloof kom.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **STILFONTEIN**

Graag wil ek u net in kennis stel dat ons by Hervormde kerk Stilfontein Ds. Piet Rautenbach beroep het en dat hy aangeneem het. Sy bevestiging vind plaas op Sondag 3 Desember 5 nm en sal gedoen word deur ds.Gawie Wolmarans.

Groete,  
Peet van den Berg.  
Skriba Stilfontein.

### **Pietersburg Laerskool AFSLUITING**

Pietersburg Laerskool vier in 2017 sy 110e bestaansjaar en is die Moederstad van die Noorde. Dit is daarom vir ons op Woensdag 15 November 2017 'n baie besondere geleentheid en hoogtepunt van ons feesvieringe waar Ds. Thys Fourie ons voorgaan met 'n dankdiens.

As skool het ons oor die jare heen 'n besondere band gesmee met die Moedergemeente van die Hervormde Kerk en tans die Geloofsbond van die Hervormde Kerk met ds. Frans Oosthuizen as vorige leraar en ds. Thys Fourie wat tans die leraar en herder van die gemeente in Pietersburg is.

Dit is die einde van elke akademiese jaar, vir ons 'n baie spesiale geleentheid om as personeel en leerders in die huis van ons Hemelse Vader bymekaar te kan kom. Dit is vir ons 'n behoefte van die hart om God-Drie-Enige te loof, te prys en te dank vir al die seën, liefde en genade wat ons elke dag so onverdiend uit Sy hand ontvang.

Ons wil saam met Dawid bely en getuig:

Psalm 16: 5 - 6 "Here, U is my lewe. U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi."

Soli Deo Gloria -aan God alleen die eer.

Peet, Personeel en leerlinge

### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **OTTOSDAL**

Ds Parkin se gade, mevrou Denise Parkin is met borskanker gediagnoseer. Ons dra hom, haar, hulle gesin en die gemeente aan die Here op in ons gebede.

### **KERSBOODSKAPPE**

Die redaksie van Koersvas nooi gemeentes en predikante uit om enige Kersboodskap of goeie wense wat hulle aan ander in die GHG wil stuur, voor 30 November deur te stuur vir plasing in Koersvas 126 van 8 Desember 2017.

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op

die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die GHG opening. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)**

Lootjie vorms is beskikbaar.

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms.

### **MAKWASBYEENKOMS**

Alle emeriti, hul gades en predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn Hervormde kerk, Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na DV Vrydag 23 Februarie 2018. Maak seker dat u die datum op u gemeente-kalender aanteken. Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom. Kontak Yvette Otto per e-pos by [zyvette@gmail.com](mailto:zyvette@gmail.com).

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)